**Ek is die brood van die lewe (OP219)**

**Joh 6:25-40**

**11 Mei 2025**

Laaskeer het ons stilgestaan by twee tekens van die Here Jesus. Die eerste teken was die vermeerdering van die brood, waar die Here Jesus met 5 brode en 2 visse kos gegee het aan 5000 mans saam met hulle vrouens en kinders op 'n bonatuurlike wyse. Deur hierdie teken het die Here Jesus die dissipels en die skare geleer dat hulle in 'n krisis op Hom moet vertrou – Hy sal ruim uitkoms gee. Die skare was onder die indruk van die Here Jesus se vermoëns, en wou Hom koning maak, maar Hy het onttrek. Die tweede teken was toe die dissipels later die dag teen die aand alleen per boot teruggeroei het Kapernaum toe. Hulle het egter in die donker in 'n storm beland, en bang geword. Weereens het die Here Jesus bonatuurlike verlossing gebring deur op die water na hulle te loop, en hulle te verseker dat hulle nie bang hoef te wees nie. Die skare het die volgende dag ook teruggeroei, maar hulle het nie 'n storm op die see belewe nie, en hulle het gevolglik ook nie die ervaring van die dissipels gehad dat die Here Jesus op die water na hulle toe geloop het nie. Ons het daaroor besin dat die Here baie toetse aanlê in ons lewens: nie almal beleef dieselfde toetse nie, maar almal moet in die toetse leer om die Here Jesus te vertrou om uitkoms te gee, selfs op bonatuurlike wyse.

Vandag begin ons om te kyk na die lering wat die Here Jesus hierna gegee het oor die brood van die lewe. Dit gebeur op die dag na die vermeerdering van die brood. Die Here Jesus, die dissipels sowel as die skare is almal terug in Kapernaum. Die skare het die Here Jesus in Kapernaum opgespoor, en die gevolg was 'n gesprek tussen die skare en Hom. Dit lyk uit vers 59 of hierdie gesprek in die sinagoge plaasgevind het.

Die hart van die lering van die Here Jesus staan in vers 35, waar Hy vir die skare gesê het: "Ek is die brood van die lewe." Hierdie uitspraak is die eerste van sewe "Ek is"-uitsprake wat Johannes in sy evangelie beskryf. Die ander ses is: "Ek is die lig vir die wêreld" (8:12), "Ek is die deur vir die skape" (10:7), "Ek is die goeie herder" (10:11), "Ek is die opstanding en die lewe" (11:25), "Ek is die weg, die waarheid en die lewe" (14:6), en "Ek is die ware wynstok" (15:1). Hierdie "Ek is"-uitsprake gee baie inligting oor die rol van die Here Jesus. Maar ten diepste gryp dit terug na Eks 3:14 toe die Here aan Moses verskyn het in die brandende doringbos en gesê het Hy is "Ek is Wie Ek is". By implikasie het die Here Jesus hiermee aangedui dat Hyself God is. En algaande moes die Jode ook begin verstaan het dat dit is wat Hy bedoel – en natuurlik het dit hulle ontstel.

Ek wil vandag stilstaan by die gesprek oor die brood van die lewe in Joh 6:25-40, en ek volg weereens Mark Johnston se uitleg van die gedeelte. Ek wil dit bespreek onder die volgende vier punte: (1) Die mens se diepste nood, (2) Die Here se grootste Voorsiening vir hierdie diepste nood, (3) Die eenvoudigste respons wat nodig is om hierdie grootste Voorsiening te ontvang, en (4) Die verreikendste bevrediging wat die grootste Voorsiening bring.

<u>Die mens se diepste nood (Joh 6:25-28)</u>

Ons verstaan wat die situasie was: Die vorige dag is die skare wonderbaarlik deur die Here Jesus gevoed, soveel so hulle wou Hom selfs hulle koning maak, maar Hy het hulle ontwyk. Maar nou het hulle Hom gevind in Kapernaum. Lees vers 25. Toe hulle Hom vind, wil hulle weet: "Rabbi, wanneer het U hier aangekom?" Lees vers 26. Maar die Here Jesus het hulle vraag ontwyk. In plaas daarvan om dit te antwoord, begin Hy om hulle op iets anders te wys – daardie iets wat Hy uitlig is hulle werklike nood. Weereens begin die Here Jesus se antwoord met "Amen, amen" – weereens is dit

wat Hy nou gaan uitlig belangrik en die moeite werd om behoorlik ter harte te neem. Wat die Here Jesus uitlig is die skare se dryfveer – Hy wys aan hulle wat hulle dryf. Hy lig aan hulle uit dat hulle Hom nie naarstiglik soek oor die tekens nie. Dit is insiggewend: Onthou Joh 6:2 wat ons geleer het dat hierdie skare die vorige dag juis die Here Jesus gevolg het na die oorkant van die See van Galilea as gevolg van die tekens wat Hy gedoen het. Maar nou, 'n dag later, sê die Here Jesus hulle soek Hom nie meer soseer oor die tekens wat Hy gedoen het nie, nee, hulle soek Hom nou omdat hulle die vorige dag van die vermeerderde brood geëet het en daarvan versadig geword het. Wat hulle optrede demonstreer is dat hulle 'n nog meer basiese behoefte het as 'n behoefte aan die tekens wat die Here Jesus tot nou toe gedoen het. Die tekens wat hulle tot dusver gesien het was byvoorbeeld die genesing van baie siekes, die genesing van die man by die bad van Betesda, die genesing van die seun van die koninklike amptenaar, die verandering van water in wyn. Alhoewel elkeen van hierdie tekens 'n veel dieper betekenis gehad het, het die skare grotendeels vasgehaak by die fisiese teken. Maar sopas het hulle van die vermeerderde brood geëet – en dit het hulle nog meer aangegryp as die vorige tekens, want brood is iets wat elke persoon nodig het, en elke persoon het dit elke dag nodig. Daarteenoor is dit net siekes wat genesing nodig het, en net vir solank hulle siek is. Die beskikbaarmaking van brood voorsien aan 'n meer basiese en ook aan 'n universele probleem. Daarom wou hulle Hom die vorige dag hulle koning maak, daarom kon hulle nie rus voordat hulle weer die Here Jesus gevind het nie. Hulle wil onbeperkte toegang tot brood hê. Ja, die mens het behoeftes aan baie dinge: behoefte aan erkenning, behoefte om liefde te ervaar en te gee, seksuele behoefte, behoefte om vermaak te word. Maar hulle optrede bewys brood is die mees basiese behoefte. As hierdie behoefte bevredig is, dan kan mens aandag gee aan die vervulling van die ander behoeftes, en so kan 'n mens, volgens hulle, gelukkig wees. Maar as jy nie brood het nie, kan nie een van die ander behoeftes bevredig word nie.

Lees vers 27. Die Here Jesus verskil egter van die skare: Die mens het 'n nog meer basiese en 'n nog dieper behoefte: die mens se diepste behoefte is nie fisiese brood om fisies aan die lewe te bly nie, nee, die mens het behoefte aan brood wat meer kan gee as fisiese lewe – die mens het behoefte aan brood wat die ewige lewe kan gee. Hierdie brood kan geestelike vervulling bring, dit kan vrede met God bring. Dit sal lei tot werklike vervulling vir die mens. Daarom sê die Here Jesus hulle moet nie werk vir voedsel wat vergaan nie – dit is wat hulle sedert die vorige dag gedoen het toe hulle van die vermeerderde brood geëet en nie kon rus totdat hulle weer die Here Jesus gevind het om nog fisiese brood te ontvang nie. Nee, hulle moet werk vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat kan hou tot in die ewige lewe. As hulle toegang het tot hierdie brood wat nie vergaan nie, dan kan hulle verwag om werklike vervulling te beleef.

Lees vers 28. Die skare het iets begryp van wat die Here Jesus hulle geleer het. Hulle reaksie is: "Wat moet ons doen?" Ons kom netnou terug na wat dit is wat hulle moet doen. Maar dit lyk of hulle begin verstaan hulle het 'n dieper nood as 'n behoefte aan fisiese brood – al is fisiese brood 'n basiese behoefte van alle mense.

<u>Die Here se grootste Voorsiening vir hierdie diepste nood (Joh 6:27-35)</u>

Die Here Jesus het nou die aandag van die skare Jode. Hulle het gehoor daar is brood wat nie vergaan nie, en wat kan hou tot in die ewige lewe. Maar let nou op wat vers 27 sê oor wie die Een is wat hierdie brood wat nie vergaan nie, gee – dit is die Seun van die Mens wat dit gee. Selfs die Jode moes teen hierdie tyd die gevolgtrekking gemaak het dat Hy daarmee Homself bedoel – dat Hy die Een is wat die brood gee. Immers was dit Hy wat die vorige dag die fisiese brood bonatuurlik vermeerder het. Daarom vra hulle Hom wat hulle nou moet doen.

Lees verse 30-31. Tipies van die Jode, en ook tipies van die mensdom, is hulle nie bereid om sommer net te glo wat die Here Jesus aan hulle verduidelik nie. Nee, hulle hoor Hy praat oor groot dinge, Hy praat oor dinge wat 'n effek sal hê tot in die ewige lewe, duidelik is dit belangrike dinge. Voordat hulle dit sommer net ligtelik glo, wil hulle 'n teken hê wat hulle kan oortuig dat wat Hy sê, waar is. Hy moet iets doen sodat hulle kan glo. Hoor jy die nood van die sondegevalle mens? Alhoewel hulle geëet het van die fisies vermeerderde brood wat aan hulle gedemonstreer het dat die Here Jesus tot bonatuurlike dinge instaat is, soek hulle nog 'n teken voordat hulle sal glo. Ons kom netnou terug hierna.

In vers 31 is dit die skare wat die konneksie maak tussen wat hulle nou ervaar, en wat die volk destyds in die woestyn ervaar het toe hulle die manna geëet het. Daardie manna wat die volk geëet het, het aan hulle basiese behoefte aan brood voorsien om fisies aan die lewe te bly – soos wat die vermeerderde brood die vorige dag gedoen het vir die skare. Boonop is die manna destyds uit die hemel aan die volk gegee – netso is die vermeerderde brood die vorige dag ook op bonatuurlike manier aan die skare gegee.

Lees vers 32-33. Hier is die Here Jesus se reaksie op die skare se konneksie tussen hulle ervaring en die volk se manna-ervaring. Weer begin Hy met "Amen, amen" – weereens is dit wat volg belangrik en waar en die moeite werd om behoorlik te begryp. Die Here Jesus lig uit dat die manna destyds nie deur Moses gegee is nie, maar wel deur God die Vader uit die hemel uit. Maar let op: Die Here Jesus sê nie "Die Vader" nie, nee, Hy sê: "My Vader" – Hy is die Seun van die Mens, Hy is die Seun van die Vader – soos wat daardie Getuies in Joh 5 al bevestig het. Verder moet die skare, en ons, ook onthou: die manna was maar net fisiese brood. Alhoewel die manna brood uit die hemel was, alhoewel dit brood was wat die Vader gegee het, was dit net fisiese brood – die volk het geëet, en het versadig geword, maar hulle moes elke dag maar weer gaan optel – dit het hulle honger bevredig, maar net tydelik, soos daardie fisies vermeerderde brood die vorige dag. Wat ons moet verstaan is dat die manna en die fisies vermeerderde brood bloot tipes was wat vooruit gewys het na die brood wat werklik kan versadig. Maar let nou op hoe verse 32-33 hierdie brood wat werklik kan versadig beskryf:

- Dit is die ware brood
- Dit is die Vader wat die ware brood gee
- Die Vader gee die ware brood uit die hemel uit
- Die ware brood is "Hy wat uit die hemel neerdaal" – die ware brood is dus 'n Persoon, dit is die Persoon wat uit die hemel neerdaal
- Die ware brood gee lewe aan die wêreld

Die manna en die vermeerderde brood was fisiese brood wat die Vader uit die hemel gegee het wat fisies gevoed het – die manna het die volk gevoed, en die fisies vermeerderde brood het die skare gevoed. Maar dit het bloot gewys na die ware brood wat die Vader uit die hemel gee. Hierdie ware brood is 'n Persoon, en hierdie ware brood gee lewe, selfs ewige lewe, vir die wêreld. Soos wat ons sal sien beteken "wêreld" nie ieder en elke persoon in die wêreld nie, dit beteken egter wel vir sekere mense van oral uit die wêreld, m.a.w. dit is nie beperk tot die Ou Testamentiese volk of die Joodse skare nie.

Lees vers 34. Natuurlik is die skare nog meer gefassineer, en hulle vra: "Here, gee ons altyd hierdie brood."

Lees vers 35. Die Here Jesus antwoord: "Ek is die brood van die lewe" – dit is die eerste "Ek is" uitspraak in die Johannes-evangelie. Die Here Jesus sê reguit en direk aan hulle: Daardie Persoon wat

uit die hemel neerdaal wat die ware brood is wat lewe, ja ewige lewe, gee vir die wêreld, is Hyself. Hy is die brood van die lewe. Hy is die Een wat werklik honger kan stil en dors kan les. Hy is die Een wat daardie diepste behoefte van die mens kan aanspreek.

Natuurlik is dit kardinaal belangrik dat ons seker kan wees dat wat die Here Jesus hier leer die waarheid is – immers gaan dit hier oor deelname aan die ewige lewe. Kan ons werklik seker wees Hy is die ware brood van die lewe? Miskien was die skare se vraag om 'n teken om werklik oortuig te wees dat Hy werklik die brood van die lewe is, nie so vergesog nie. Miskien wil ons dit ook vra. Onthou egter wat die Here Jesus alreeds in vers 27 gesê het: Dit is die Seun van die Mens wat die ware brood wat nie vergaan nie, gee – want op Hom het God die Vader Sy seël geplaas. Die Een wat die ware brood is, is die Een op wie die Vader Sy seël geplaas het. As die Here Jesus dan die ware brood is, moet Hy die Een wees op Wie die Vader Sy seël geplaas het. Is dit so? Het die Vader Sy seël op die Here Jesus geplaas? En indien wel, waar? Wel, die Here Jesus se hele lewe bevestig dit:

- Dink aan Sy unieke geboorte uit 'n maagd wat vooraf deur engele aangekondig is
- Dink aan al daardie verwysings in die Matteus-evangelie waar ons lees "En so is vervul wat deur die profeet gespreek is"
- Dink aan die ster wat in die Ooste verskyn het tydens Sy geboorte, of die engel wat aan die skaapwagters vertel het: "Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid as Verlosser gebore, Christus die Here"
- Dink aan daardie stem uit die hemel wat tydens Sy doop gesê het: "Dit is My Geliefde Seun".
- Dink aan al die tekens wat Hy gedoen het sedert die begin van Sy openbare optrede
- Dink aan al die tipes en profesieë in die Ou Testament wat in Hom vervul is
- Dink aan al daardie Getuies waarna ons 'n paar weke gelede in Joh 5 gekyk het wat oor Hom getuig

Die Here Jesus is voorwaar die Een op wie die Vader Sy seël geplaas het. Hy is Een wat die Vader uit die hemel gestuur het. Hy is die ware brood van die lewe.

Ons leef in 'n tyd waar ons almal baie bewus is van die noodsaak aan sekuriteit. Ons laat nie sommer enigeen in ons huise toe voor ons nie oortuig is die persoon is betroubaar nie. Netso behoort ons ook nie Enigeen in ons harte toe te laat sonder dat ons oortuig is Hy is betroubaar nie. Maar ons het geweldig oortuigende getuienis: Die Here Jesus is die ware brood van die lewe wat die Vader uit die hemel aan ons gegee het. Hy is voorwaar die Here God se grootste Voorsiening vir ons diepste nood, trouens Hy is God se volmaakte Voorsiening vir ons diepste nood.

<u>Die eenvoudigste respons wat nodig is om die grootste Voorsiening te ontvang (Joh 6:28-39)</u>

Ons het nou geleer wat die mens se diepste nood is. Ons het ook geleer dat die Here Jesus die ware brood is wat hierdie diepste nood van die mens aanspreek. Die vraag is egter hoe kry ons deel aan hierdie ware brood?

Dit was ook al die vraag van die skare in vers 28: "Wat moet ons doen sodat ons die werke kan verrig wat God wil hê?" Is dit nie tragies nie? Net die vorige dag is die skare op bonatuurlike manier versadig sonder dat hulle (uitgesonderd die seuntjie wat die brode en visse gehad het) iets bygedra het tot die brood wat hulle versadig het, maar noudat hulle hoor daar is brood wat nie vergaan nie en wat tot die ewige lewe lei, is hulle eerste reaksie: "Wat moet ons doen?" Dit is hoe ons mense is: Ons eerste reaksie is om iets te wil bydra, ons wil daardie ware brood verdien, ons wil help. Immers is ons in ons eie oë nie so pateties dat ons niks kan bydra nie.

Maar let op die perspektief wat die Here Jesus gee: In vers 29 sê Hy: "Dit is die werk van God: Dat julle glo in die Een wat Hy gestuur het." Sien jy wat die rol is wat die mens moet doen om in die ware brood te deel? Die mens moet glo in die Een wat die ware brood is. M.a.w. die mens moet oortuig wees hy het 'n diep behoefte aan die ware brood, en die mens moet ook glo dat die Here Jesus inderdaad die ware brood van die lewe is wat hierdie nood kan aanspreek. In vers 35 sê die Here Jesus: "Wie na My toe kom, sal nooit honger word nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors word nie". Die mens moet dus na die Here Jesus toe kom en in Hom glo, dan ontvang daardie mens die ware brood van die lewe, en hy sal nooit weer honger word nie. Dit is goeie nuus, is dit nie? Geen prestasie van die mens is nodig nie. Hy hoef niks te bring nie. Hy moet net verstaan hy het 'n behoefte aan die ware brood, hy moet net erken die Here Jesus is die ware brood, dan moet hy net na die Here Jesus kom en in Hom glo, en so ontvang hy die ware brood van die lewe. Dit is soos die vorige dag: Hulle moes net oortuig wees hulle is honger, hulle moes net oortuig wees die Here Jesus gaan fisiese brood gee, hulle moes maar net op die gras gaan sit – en toe ontvang hulle van die fisies vermeerderde brood en word versadig. Dit klink maklik genoeg, is dit nie? Dit kan tog nie eenvoudiger wees as om net te moet kom en te glo nie! En dan ontvang jy die brood van die lewe.

Maar, let nou op die harde realiteit, let op die tragedie in vers 36. Lees dit. Die Here Jesus sê vir die skare: "Julle het My gesien, en tog glo julle nie." Dit is tragies. Die skare het die tekens gesien wat Jesus gedoen het, hulle het selfs self geëet van die fisies vermeerderde brood, hulle het selfs gehoor dat die Here Jesus verduidelik Hy is die ware brood wat ewige lewe gee, hulle het selfs die begeerte uitgespreek hulle wil hierdie brood hê, maar as die Here Jesus aan hulle verduidelik dat hulle na Hom toe moet kom en in Hom glo as die ware brood, dan doen hulle dit nie. Dit is hoe diep die nood van die sondegevalle mens is: selfs al is al wat die mens moet doen is om sy nood te verstaan en na die Here Jesus te kom en in Hom te glo, kan die mens dit eenvoudig nie doen nie. Nee, veel eerder wil hy presteer om die brood te bekom. Ons is weereens terug by die probleem van Nikodemus in Joh 3 waar Nikodemus moes leer hy moet weergebore wees – maar hy het self geen begeerte oor sy wedergeboorte nie.

Maar, kan ons nou vra, tree die Here Jesus nou bloot sinies op? Hou Hy aan die skare die heerlikheid van die brood van die lewe voor, selfs dat hulle dit kan kry deur net te kom en te glo, terwyl Hy weet dit is steeds buite hulle bereik? Is Hy besig om hulle te verkleineer en te frustreer? Nee, die Here Jesus het nog meer om te leer:

Lees verse 37-39. Daar is nog 'n saak wat hulle en ons moet verstaan. Vers 37 leer duidelik: Dit is diegene wat die Vader vir die Seun gee, wat na die Here Jesus sal kom. Daar is dus iets wat selfs die "kom en glo" wat die mens moet doen om die brood van die lewe te verkry, moet vooraf gaan: Die Vader moet daardie persoon vir die Here Jesus gee. Dit is soos die lering aan Nikodemus: die persoon moet van bo gebore wees, hy moet uit water en Gees gebore wees. Ten diepste het ons natuurlik hier 'n beskrywing van die uitverkiesing: Dit is diegene wat deur die Vader uitverkies is, wat Hy vir die Seun gee, dit is in hulle wat Hy nuwe harte werk deur die Heilige Gees, en dit is hulle wat na die Seun kom en in Hom glo, dit is hulle wat die brood van die lewe ontvang en dit is hulle wat die ewige lewe ontvang. Die punt is: Ons deelkry aan die brood van die lewe, is 'n proses waarvan die Here God soewerein in beheer is. As Hy ons nie aan die Here Jesus gee nie, sal ons nie na die Here Jesus kom en in Hom glo nie, en sal ons nie die brood van die lewe ontvang nie. In verse 38 en 39 verduidelik die Here Jesus dit alles is deel van God se plan, oftewel van God se wil. Dit bly vir my fassinerend om oor te dink: Die Here God het 'n wil – d.w.s. daar is iets wat die Here wil sien gebeur. Wat Hy wil is dat diegene wat Hy vir die Seun gee, die ewige lewe sal hê. Daarom stuur Hy Sy Seun na die wêreld as die ware brood van die lewe. Daarom gee Hy hierdie mense aan die Seun. Daarom gee Hy aan hulle nuwe harte deur Sy Gees. Daarom kom hulle na die Here Jesus toe en glo in Hom.

Daarom sal hulle die ewige lewe ontvang. Want dit is die Vader se wil. En die Here Jesus doen wat die Vader wil.

Gewoonlik as ons oor die uitverkiesing praat, verval ons direk in 'n redenasie oor: Is dit regverdig of nie. Maar dink oor die volgende: As jy vandag 'n gelowige is, is jy 'n gelowige omdat dit die wil van die Vader is dat spesifiek ook jy die brood van die lewe moet ontvang. Dit is ook ter wille van jou dat Hy Sy Seun uit die hemel gestuur het. Dit is aan jou dat Hy deur die Gees 'n nuwe hart gee, sodat jy na die Here Jesus kan kom en in Hom kan glo, sodat jy die brood van die lewe mag eet, sodat jy ewige lewe kan hê. Dit alles is die Here se wil. In plaas van om direk te wil redeneer of die Here regverdig is in die uitverkiesing, behoort ons reaksie te wees om in verwondering in aanbidding voor Hom neer te val oor die feit dat Hy dit alles vir my wil doen. Al die eer behoort aan Hom.

En terloops, as jy dan oor die regverdigheid van die uitverkiesing wil redeneer, bedink die volgende: As die harde realiteit is dat mense deur God sonder sonde na die beeld van God geskape is, as hulle eiesinnig hulle rug op God gedraai het, as Hy nogtans Sy Seun na hulle stuur uit die hemel uit, as Hy deur Sy Seun aan hulle tekens wys, as Hy hulle deur Sy Seun laat eet van die vermeerderde brood, as Hy deur Sy Seun aan hulle verduidelik hulle moet net na die Seun kom en in Hom glo om die ewige lewe te ontvang, en hulle kom steeds nie – is dit dan werklik onregverdig dat die Here hulle nie red nie? Selfs ons sonde-verwronge idee van regverdigheid kan iets van hierdie regverdige optrede van God begryp. Hoeveel te meer nie die Here wat werklik regverdig oordeel nie?

<u>Die verreikendste bevrediging wat die grootste Voorsiening bring (Joh 6:35-40)</u>

Die mens se diepste behoefte is aan die ware brood van die lewe. Die Here Jesus is die ware brood. Elkeen wat die Vader vir die Seun gee, ontvang die ware brood. Die vraag is: wat kan hierdie mense nou verwag? Sal hierdie ware brood werklik hulle diepste nood aanspreek?

In vers 35 sê die Here Jesus dat diegene wat die brood van die lewe eet, nooit weer honger of dors sal word nie – m.a.w. hierdie brood sal werklik versadig. Dit sal daardie diepste nood van die mens versadig. Die diepste nood is die behoefte om meer as net fisies te lewe – dit is om geestelik te lewe, dit is om ewig te lewe (v27). Ja, ons het vroeër verwys na verskeie behoeftes wat die mens het: behoefte aan erkenning, aan liefde, seksuele behoeftes en nog meer. Die eet van die brood van die lewe beteken nie dat die persoon oorvloedig geseënd sal wees in elke denkbare behoefte nie. Dit beteken egter wel dat die persoon oorvloedig geseënd sal wees in die mens se diepste behoefte – die behoefte aan vrede met God sodat ons vir ewig in God se teenwoordigheid sal lewe. Die brood van die lewe vergaan nie – dit voed tot in die ewige lewe in.

Lees verse 37-38. Boonop het die Here Jesus in verse 37-38 ook beloof dat Hy nooit iemand wat die Vader aan Hom gegee het, en aan wie Hy die brood van die lewe gegee het, sal wegstoot nie. Nooit nie. Immers, dit sou teen die wil van die Vader wees, en dit sou indruis teen die rede hoekom die Here Jesus uit die hemel gekom het. Geliefdes, hierdie is iets wat ons aan die oor moet knoop: Die Here Jesus het beloof Hy sal ons nooit verstoot nie – nooit nie. Dit sou teen die wil van die Vader wees, en daarom ook teen Sy wil. Wanneer ons begin twyfel, of selfs wanneer ons in sonde val, moet ons bemoedig word deur die belofte dat die Here Jesus ons nie sal wegstoot nie.

Lees verse 39-40. Nie net onderneem die Here Jesus dat Hy nie een wat die ware brood van die lewe geëet het, verlore sal laat gaan nie, nee, Hy onderneem ook om al daardie persone op die laaste dag te laat opstaan. Ja, selfs al sterf hulle voor die laaste dag, sal hulle siele intussen in die hemel bymekaar kom. Maar op die laaste dag sal die Here Jesus terugkom aarde toe, en al die grafte sal oopgaan, en hierdie mense se siele sal met hulle verheerlikte opstandingsliggame verenig word. En dan sal hulle die ewige lewe ontvang – waar hulle in ewigheid in heerlikheid in die teenwoordigheid

van die Here God sal lewe, terwyl hulle Hom loof en verheerlik oor die volmaakte verlossing wat Hy vir hulle bewerk het deur aan hulle die brood van die lewe te gee.

Afsluiting

Geliefdes, die Here God spreek ons diepste nood effektief aan deur die Here Jesus wat die ware brood van die lewe is. Ja, ons moet na die Here Jesus toe kom en in Hom glo, maar selfs hiervoor sorg die Here God deurdat Hy ons aan die Here Jesus gee. Die gevolg is dat ons seker kan wees dat Hy ons nooit sal verstoot of verlore sal laat gaan nie – dit kan nie gebeur nie, want dit sou teen die wil van die Vader wees, en daarom ook teen die wil van die Here Jesus. Intussen kan ons oortuig wees dat ons die ewige lewe sal ontvang. Immers versadig die brood van die lewe effektief en vir ewig.